Romeine vir gewone mense!

Ds Freddie Burger

Inhoud

Inleiding 1
Die oorspronklike lesers 1
Die Skrywer. 2
Hoofstuk 1 2
Paulus die mens 2
'n Slaaf 3
'n Apostel. 4
Die Evangelie van God. 5
'n Gebed vol Dankbaarheid. 7
'n Gebed gevul met innige verlange. 7
'n Brandende Begeerte. 8

Inleiding

Verstaan jy wat jy lees?, so het Filippus aan die hofdienaar gevra en die moes maar ewe verleë sê: Nee ek verstaan nie regtig wat ek lees nie, help my so bietjie! Baie mense kan dieselfde sê van Paulus se brief aan die Romeine. Ons weet dat daar baie wonderlike en mooi evangeliese waarhede in die Bybelboek is, maar om dit alles te verstaan is nie altyd ewe maklik nie. Dit lyk werklik asof Paulus nie hierdie boeke vir gewone mense geskryf het nie en dat net 'n uitverkore groepie slimkoppe werklik verstaan wat alles in hierdie brief staan.
Maar nee, dit is nie waar nie, hierdie brief is aan gewone mense geskryf en is bedoel om die Evangelie aan alle mense te verduidelik- ook aan ons gewone mense! Iemand het gesê dat die Brief aan die Romeine soos moedersmelk is en 'n mens moet gereeld soveel as moontlik daarvan inkry om te groei na 'n sterk en volwasse Christen, maar dikwels lees ons dit met 'n frons tussen die oë omdat Paulus soms maar moeilik klink.

Kom ons begin hierdie wonderlike brief mooi stadig aandagtig en biddend lees en sien en voel hoe die Bybelse waarhede in ons ontvou en groei totdat die heerlikheid van God se genade in Jesus Christus vir ons 'n ontsaglike lewenswerklikheid word.

Die oorspronklike lesers

Dit lyk vir ons na so eenvoudige stelling dat dit amper nie nodig is om dit op te volg nie, maar wag 'n bietjie, kom ons kyk weer na die mense aan wie hierdie brief oorspronklik geskryf is. Miskien, as ons die oorspronklike lesers beter verstaan, sal ons as tweede lesers ook beter begrip kry van alles wat daar staan.

Die brief is net so in die algemeen gerig aan almal wat in Rome gewoon het nie, maar het ’n sekere groepie mense in gedagte gehad. Dit was aan die gemeentetjie in Rome gerig. Ja, dit is reg, aan die gemeentetjie in Rome want dit was maar ’n kleinerige gemeente. Net hierdie feit alleen laat ’n mens klaar op die gemak voel, ons dink partykeer dat belangrike dokumente net aan die groot en vername mense en kerke gestuur word, maar hier kan ons tuis voel.
Hierdie gemeente het waarskynlik ook nie ’n vreeslike goeie kennis van die Ou Testament gehad nie en moet ’n mens Paulus se taalgebruik en beeldspraak probeer verstaan teen die agtergrond van die gewone mens in Rome. Die beelde wat Paulus gebruik sal beelde wees wat vir die mense bekend en verstaanbaar is en die gewone voor die hand liggend verklaring, sal waarskynlik nader wees aan wat Paulus bedoel het as die vreeslike gegrawe na die sogenaamde diepere uitleg. Weereens, die brief is aan gewone mense nes ons geskryf, hulle het net in ’n ander tyd en land as ons gewoon maar die boodskap in al sy mooiheid en innigheid van evangeliese waarheid is ook vir ons bedoel.

Die Skrywer.

Niemand betwyfel dit dat dit die apostel Paulus was wat hierdie brief geskryf het nie, maar die vraag is hoe ons na Paulus en sy geskrifte moet kyk. Mense raak gaande oor Paulus se belangrikheid en groot teologiese kennis, maar wie was Paulus nou regtig? Ja, hy was ’n geleerde man, maar Paulus wat hier skryf was ’n mens wat letterlik uit die stof en as opgestaan het om Jesus te dien. Daardie ervaring op die Damaskuspad het hom gestroop van al sy grootsheid en eiewaan. Die persoon wat daar opgestaan het was ’n nederige mens wat die res van sy lewe letterlik op sy knieë deurgebring het. Sy diepste begeerte was om die Evangelie van Jesus Christus aan alle mense te verkondig of hulle nou ryk of arm, dom of slim, Grieks of Joods , belangrik of onbelangrik was, hy wou hê dat almal hom moes verstaan en glo. Daarom het Paulus so graag beelde gebruik om die evangelie te verduidelik, beelde wat bekend en maklik verstaanbaar was. Daarom kan ons sê dat Romeine ook aan ons gewone mense gerig is. Kom ons lees met gelowige oë en soekende harte.[1]

Hoofstuk 1

1 PAULUS, 'n dienskneg van Jesus Christus, 'n geroepe apostel, afgesonder tot die evangelie van God - 2 wat Hy tevore beloof het deur sy profete in die heilige Skrifte, 3 aangaande sy Seun wat gebore is na die vlees uit die geslag van Dawid 4 en na die Gees van heiligheid met krag verklaar is as die Seun van God deur die opstanding uit die dode, Jesus Christus, onse Here, 5 deur wie ons genade en die apostelskap ontvang het om geloofsgehoorsaamheid te verkry onder al die heidene ter wille van sy Naam, 6 onder wie julle ook is, geroepenes van Jesus Christus – 7 aan al die geliefdes van God, geroepe heiliges wat in Rome is: Genade vir julle en vrede van God onse Vader en die Here Jesus Christus! aan al die geliefdes van God, geroepe heiliges wat in Rome is: Genade vir julle en vrede van God onse Vader en die Here Jesus Christus!

Paulus die mens.

Die eerste woord in die brief is die naam Paulus. Wie is Paulus en wat weet ons van hom? Die eerste ontmoeting met Paulus is met die gebeure in Handelinge 7:58 waar daar staan *... en die getuies het hulle klere neergelê by die voete van ’n jongman met die naam van Saulus.* Hierdie getuies was die mense wat Stefanus gestenig het. Hierdie eerste ontmoeting met Paulus geskied onder grusame omstandighede. Die verhoor teen Stefanus was gelaai met valse getuienis om die indruk van orde te skep. Die jongman Saulus

[1] Omdat die Ou Vertaling baie meer letterlik is, sal aanhalings, veral van beeldspraak, daaruit geneem word.

was seker nie hiervan bewus nie, maar hy word so meegevoer deur die gebeure dat hy dit sy lewenstaak maak om hierdie *valse leer* te vervolg.
Die volgende keer dat ons Paulus ontmoet, is in Handelinge 9 waar ons lees dat die Here vir Paulus op sy knieë gedwing het op 'n stowwerige pad somaar so voor almal om hom, met die haatlike briewe van die hoëpriester nog in sy sak! Die wolf het 'n lam geword! Paulus die **vervolger** word Paulus die **navolger**. Ons vergeet so maklik dat Paulus ook 'n gewone sondige mens was wat eers die knie voor Jesus moes buig voordat hy bruikbaar in die Koninkryk van God kon wees. Die volmagbriewe in sy sak het hom groot, belangrik en vreesaanjaend gemaak, maar die liefde van Christus in sy hart het hom nederig maar ook onverskrokke in sy ywer en getuienis vir Jesus gemaak. Alle eer aan God alleen!
Lees nou wat díe mens aan die gemeente in Romeine skryf!

'n Slaaf

Die mense in Rome se oë moes gerek het toe hulle hierdie woorde gelees of gehoor het. Paulus stel homself voor as 'n slaaf[2] (dienskneg/dienaar) en dit was beslis nie 'n woord wat aangenaam geklink het in die ore van die inwoners van Rome nie. Aan die eenkant was slawe nie beskou as mense nie maar as blote eiendom van sy eienaar en aan die anderkant het niemand begeer om soos 'n slaaf behandel te word nie. 'n Slaaf het feitlik geen regte gehad nie en was en het geen waardigheid of agting gehad nie. Dit was nie nodig om 'n slaaf met eerbied en respek te behandel nie en sommige eienaars het hulle geliefkoosde ryperd of troeteldier beter behandel as 'n slaaf.
Dit is duidelik dat Bybelvertalers en verklaarders maar gesukkel het met dié woord en het probeer om die meer onaangename gedagtes wat dit oproep weg te vertaal of weg te verduidelik. Daar word veral verwys na die beleid om slawe in die OT los te laat na 'n sekere aantal jare of na slawe wat verkies het om as slawe by hulle goeie eienaars aan te bly.[3] 'n Slaaf wat uit eie vrye wil as slaaf aanbly, is nie meer 'n slaaf in die volle sin van die woord nie, maar 'n getroue en lojale werker. Dit is nie wat Paulus hier wil sê nie, al klink dit hoe mooi en aanvaarbaar, en dit neem van die krag van die beeldspraak weg. Wanneer Paulus aan die Romeine skryf en sê: "Ek is 'n slaaf", dan weet hy dat hulle dadelik na die slawe om hulle sal kyk en sê: "Hoe kan dit tog wees?"
Paulus gebruik die woord slaaf meermale en in verskillende omstandighede. So vergelyk hy die mens wat nog in sonde leef as slawe van die sonde (Romeine 6:20) en mense wat vrygekoop moet word van die slawerny van die sonde (Romeine 7:23). Die beeld van die slaaf wat volkome eiendom van sy eienaar is word ook in Galasiërs 6:17 verder versterk wanneer hy skryf: "...want ek dra die littetekens van Christus aan my lyf..."[4] Dit kan wees dat hy hier verwys na die gebruik om slawe te brandmerk om sodoende aan almal te wys dat hierdie 'n slaaf is van iemand. Hy is die onvoorwaardelike eiendom van sy eienaar. Al die wonde aan sy liggaam wat hy in die loop van sy bediening opgedoen het, is die merke dat hy aan Christus behoort, oop en bloot vir almal om te sien.
Hoe moet 'n mens dan die woord **slaaf** hier verstaan? 'n Mens moet dit lees soos alle beeldspraak[5] en nie die hele beeld stukkie vir stukkie probeer ontrafel nie, maar om net die uitstaande kenmerke van die beeld te ondersoek. 'n Mens moet versigtig wees om nie meer in beeldspraak te lees as die duidelike bedoeling daarvan nie. Indien 'n mens nou elke besonderheid van slawelewe op Paulus wil toepas, sal jy sekerlik 'n klompie onsinnighede raakloop. Die uitstaande kenmerk van slaafwees is dat jy nie vry is nie maar geheel en al aan jou eienaar behoort. 'n Slaaf het geen keuse van sy eie nie hy moet net die bevele van sy eienaar

[2] Doulos , δουλος
[3] Sien
[4] Letterlik die merktekens of stigmata
[5] Ek gebruik beeldspraak as dieselfde as metaforiese taalgebruik.

uitvoer. Dit was nie Paulus se keuse om ’n slaaf van Jesus Christus te word nie, die teendeel is waar, hy wou Christus beveg, maar Jesus het hom gevange geneem en tot slaaf gemaak.

‘n Apostel.

Paulus noem homself ’n slaaf en ’n apostel in dieselfde asem en dit is nie sonder betekenis nie, hy wil baie duidelik aan sy lesers iet sê met hierdie ongewone samevoeging. Dit was so dat nie alle mense Paulus se gesag as apostel erken het nie. Hy moes ook maar sy eie stryd om erkenning in die kerk stry en daarom stel hy homself voor as ’n slaaf maar ook ’n apostel. Hy wil dadelik sy gesag as apostel aan sy lesers bevestig.
Ons is baie bekend met die Apostels maar weet ons werklik wie hulle was en wat hulle vernaamste taak was. Almal praat maklik van die twaalf apostels en verwys dan na die twaalf dissipels, maar wat dan van Paulus, was hy dan nommer dertien? Die apostels was besondere mense omdat hulle op so ’n besondere wyse in die amp aangestel was en omdat hulle ’n besondere werk verrig het.

Die oorsprong van die Bybelse begrip apostel vind ons in Markus 3: 14 *En Hy het die twaalf aangestel sodat hulle saam met Hom kon wees en Hy hulle kon uitstuur om te preek …* toe Jesus die twaalf uitgestuur het met baie spesifieke opdragte. Die woord apostel beteken om gestuur te word, maar dit is nie soos om iemand te stuur om gou ’n boodskap af te lewer nie. Hierdie stuurder heg sy woord en persoon aan die gestuurde. Die apostel praat met die mond en woorde van die een wat hom gestuur het. Hy het ’n sekere boodskap om op ’n sekere wyse oor te dra en dit is al wat hy mag doen.
Die apostels was mense wat hulle gesag direk by Christus gekry het en met die gesag en gesagvolle woord kon hulle as boumeesters die kerk van Jesus Christus op aarde vestig en bou. Ons lees in die Evangelies van Markus Matthéüs en Lukas dat hulle opdrag was om te preek, siekes te genees en duiwels uit te dryf. Later, net voor die Hemelvaart voeg Jesus by dat hulle ook die doop in sy Naam moes bedien en dissipels te maak tot aan die uithoeke van die aarde. Die apostels was dus duidelik mense wat deur Jesus persoonlik gekies is en gestuur is om sy kerk op aarde te vestig. Wie nie aan hierdie vereistes voldoen het nie, was nie as apostel gereken nie.

Hoeveel apostels was daar? Die meeste mense antwoord vinnig en gou: “Twaalf natuurlik”, maar wat dan van Paulus, Jakobus en Barnabas? Hulle word ook apostels genoem en dan is daar mense wat beweer dat die 70 van Lukas 10 ook as apostels uitgestuur is. Die eerste twaalf is maklik; hulle word by die naam genoem tydens hulle roeping. Matthéüs 10 beskryf hoe Jesus die apostels geroep het en dan word die twaalf by die naam genoem en so ook in Lukas 6 vers 9. Die eerste beskrywing van hierdie besondere roeping van die twaalf is in Markus 3: 13-19 maar die woord apostel word nie hier gebruik nie. Daar is geen twyfel oor die twaalf wat genoem word nie en Matthías wat later in Judas Iskariot se plek verkies is nie. In Galasiërs 3 vers 19 noem Paulus Jakobus die broer van Jesus as ’n apostel en Handelinge 14 vers 14 beskryf Barnabas as ’n apostel saam met Paulus. Dit sal dan die totale aantal apostels op 15 bring.
Dit bring ons by die vraag oor hoe apostels aangestel is, dan kan ons makliker die laaste drie se aansprake beoordeel. Die hoof vereiste is dat Jesus Christus die apostels persoonlik geroep en aangestel het. Hulle moes verder hulle opdragte en gesag direk van Jesus gekry het en so ook die werk wat hulle moes doen. Met direk word hier bedoel Jesus soos hy in die vlees aan hulle verskyn het. Jakobus die broer van Jesus het ’n interessante geskiedenis. Hy was aanvanklik maar baie skepties oor Jesus se aanspraak dat hy die Christus is (Johannes 7:50), maar hy het wel later tot bekering gekom en dit word aanvaar dat 1 Korinthiërs 15:7 sy roeping beskryf. Hy het dus wel die opgestane Heiland gesien. Dit is nie duidelik waar en wanneer Barnabas sy roeping as apostel ontvang het nie. Daar word nog ander mense in die Bybel ook apostels genoem maar dan in die sin as afgevaardigdes van ’n kerk of gemeente.

Dit bring ons dan nou by Paulus. Dit lyk asof hierdie nogal ’n gevoelige saak vir Paulus was. Hoor net hoe verontwaardig klink hy in 1 Korinthiërs 9 vers 1 as hy sê: “Is ek nie ’n apostel nie?” en in vers 2: “As ek vir ander geen apostels is nie, is ek dit tog seker vir julle...” Waarom was dit vir Paulus so belangrik om erkenning as apostel te kry? Dit was sekerlik nie eersug soos wat daar op ’n stadium by die ander dissipels teenwoordig was nie (Markus 9, Markus 10), maar vir Paulus was dit baie belangrik dat almal moet besef dat sy opdrag van Jesus is en dat die Evangelie wat hy verkondig die ware Evangelie van Jesus Christus was. Indien Paulus nie hierdie erkenning gekry het nie sou sy woorde en briewe nie vandag vir ons beskikbaar gewees het nie. Dit het vir Paulus gegaan oor Jesus en Jesus alleen.
Paulus se aanspraak om apostelskap kan terug gevoer word na sy bekering waar Jesus persoonlik aan hom verskyn het en hom geroep het. Hy beklemtoon dit dat hy as geroepe apostel optree en nie as self aangestelde apostel nie. Sy gesag en roeping kom van Christus en daarom is hy slaaf maar ook geroepe apostel.

As slaaf van Christus is sy werkterrein vir hom duidelik afgebaken. Hy is ’n geroepe apostel. Nee, hy het nie uit eie vrye wil apostel geword nie. Sy meester het hom eenkant toe geroep en gesê: “Jou werk is voortaan om apostel te wees”. As slaaf van Christus het hy nie die reg gehad om sy werk te kies nie, sy werkterrein word aan hom toegewys en dit is finaal. Hierdie was ’n baie belangrike aspek van apostel wees. Een van die vernaamste vereistes om as apostel erken te word, was dat Jesus die persoon persoonlik moes roep en daar was mense wat gesê dat Paulus nie aan hierdie vereiste voldoen het nie. Paulus het Jesus nie tydens sy lewe

Die Evangelie van God.

Kyk net hoe maklik, moeiteloos en soomloos verbind Paulus wat ons noem die Ou Testament en Nuwe Testamente aanmekaar, iets waarmee baie teoloë nog worstel. Hy kan dit doen omdat hy nie so iets soos ’n Ou en Nuwe Testament geken het nie. Hy ken net die evangelie van God soos dit opgeteken is deur die profete en waarmee hy nou besig is, is net die voortgang van daardie een evangelie. Daar is inderdaad net een openbaring van God en dit is vervat in die Bybel, beide wat ons noem Ou Testament en Nuwe Testament.
Let eers net op die belangrikheid van die profete. Paulus het nie nodig om die gemeente te motiveer om die woord van die profete te aanvaar nie. Die gesag van die profete word deur almal erken as mense wat net sê: *So spreek die Here.* Daarom is dit belangrik dat die apostels dieselfde erkenning kry en daarom is dit vir Paulus ook so belangrik dat hy as apostel erken word omdat die gesag van die profete in die apostels op unieke manier voortgesit word.
Volgens Paulus is die evangelie van God nie iets nuuts wat nou skielik gebeur nie. Dit is iets wat God al lank reeds aan sy volk beloof het en wat die profete verkondig het. Hiermee bevestig Paulus nie net die gesag van die OT nie maar ook dat God altyd sy woord hou.

Die Evangelie van God gaan oor sy Seun. Die koms van Jesus Christus as Verlosser is nie ’n nuwe begrip wat Paulus of die Nuwe Testamentiese skrywers nou indra nie. Dit is die voltooiing van die profesieë en die waarwording van God se belofte. Hierdie belofte word in besonderhede deur die profete beskryf. Dit is ’n woord aangaande sy Seun. Dit beteken dat in die Seun van God die volle vervulling van die Evangelie sal geskied. Die Seun is die volle Evangelie.
Die begrip seun van God was nie vir die Grieke of Romeine ’n vreemde begrip nie. In beide die Griekse en Romeinse mitologie was dit nie vreemd dat gode seuns kan hê nie. So was die Zeus die seun van Kronos en Herkules was weer ’n seun van Zeus. Jupiter, Zeus se eweknie in die Romeinse mitologie, was weer die seun van Saturnus. Die benaming seun van god was ook ’n eretitel wat aan sommige uitstaande persoonlikhede toegeken het. Dit was enersyds ’n probleem want beide Grieke en Romeine kon maar goed die spot dryf met

hulle gode en die gode se swakhede, maar dit was ook ’n goeie aanknopingspunt om die evangelie van God aangaande sy seun aan die heidene te verkondig.
Die benaming seun(s) van God word ook in die Ou Testament gevind maar het selde goddelike eienskappe aan die mens oorgedra. Daar word dikwels na Israel verwys as seuns van God om die besondere verhouding tussen God en sy volk te aan te toon. Konings was ook as seuns van God beskryf. Drie belangrike verwysings na konings as seuns van God word in die Psalms aangetref maar dan ook met ’n besliste profetiese inhoud wat na die komende Messias verwys.
Die Seun van God word in vers 3 eerstens beskryf as gebore na die vlees uit die geslag van Dawid. Letterlik staan daar gebore uit die saad[6] van Dawid. Dit is nie toevallig dat Paulus die woord saad hier gebruik nie want dit was ’n bekende stylfiguur[7] wat ’n volle rykdom van betekenis skakeringe ingesluit het. Die woord saad wys eerstens letterlik na die saad van plante wat die moontlikheid van groei en lewe insluit. Wie saad saai verwag dat daar nuwe plante sal groei wat vrug sal dra en geoes kan word. As stylfiguur word dit ook gebruik om ’n persoon se nageslag aan te dui maar dan sluit dit die hele nageslag in wat tot op datum nog leef en groei, dit wys op ’n lewende organisme. Op hierdie wyse word Christus verbind aan die hele geslag van Dawid maar nie net dit nie, volgens die vlees laat die saad van Dawid wyer groei omdat dit die saad van God is (1Johannes 3:9. Dit is die saad waarvolgens die mens weergebore kan word tot ‘n kind van God in Jesus Christus.
Die Seun van God waaroor Paulus se evangelie gaan het ook ’n goddelike afkoms gehad. In vers 4 volg nou een van die opspraakwekkendste en kragtigste verklarings wat nog ooit op hierdie aarde gemaak is, naamlik dat Jesus Christus die Seun van God is. Die krag van hierdie verklaring lê in die feit dat dit nie mense is wat verklaar het dat Jesus die Seun van God is nie , maar dat dit die Heilige Gees self was wat dit verklaar het. ’n Mens kan nie anders as om aan die woorde van Matthéüs 3:17 te dink nie toe die stem uit die Hemel gesê het: *Dit is my geliefde Seun in wie Ek ’n welbehae het.*
Die krag van die verklaring is ook daarin dat Jesus uit die dode opgestaan het. Jesus was vooraf bestem om as die Seun van God geopenbaar te word en hier bevestig Paulus wat hy ook in Handelinge 17:31 sê *... oordeel deur ’n Man wat Hy aangestel het, en Hy het hiervan aan almal sekerheid gegee deur Hom uit die dode op te wek.* Nou kan dit openlik en met krag verklaar word, omdat Jesus bewys het dat Hy die Seun van God is deur die graf en die dood te oorwin.
In vers 5 wys Paulus weereens op sy roeping en bevestiging as apostel deur Jesus Christus self maar hier voeg hy daardie belangrike woorde by *...deur wie ons genade ... ontvang het.* Hy wil tog nie dat daar enige misverstand wees nie. Wie hy is en wat hy doen is net as gevolg van die genade van God in Jesus Christus en deur dieselfde genade kan hulle wat voorheen geen hoop gehad het nie, nou hoop en geloofsgehoorsaamheid verkry. Dit bevestig net dat ’n mens nooit die genade van God moet onderskat nie; dit duik op waar geen mens dit verwag nie, of dit nou in die vervolger Paulus se lewe is en of dit nou in die lewens van veraf heidene is, God se genade kan almal bereik.
Paulus bevestig dit weereens dat die genade hom gestuur het na die bediening onder die heidene. Hierin sien ’n mens weer die onuitputlike wysheid van die Here. Indien Paulus in Jerusalem of onder Israel bly werk het, was dit moontlik dat hy in noue aanraking sou kom met mense wat gely het onder sy vervolginge, of met mense wat selfs familie en vriende aan die dood moes afstaan as gevolg van sy vervolginge. Omdat mense nie so volkome kan vergewe as God nie, gebruik die Here hom onder mense wat nie ’n wrok teen hom kon koester nie (dink maar aan die profeet wat nie in sy eie dorp geëer word nie).
Genade onbeskryflik groot! Dit is al woorde waarmee ’n mens Paulus se seëngroet aan die Romeine in vers 7 kan beskryf. Hulle, uit die heidendom is nou geroepe heiliges wat deel het in die genade en vrede van God die Vader en die Here Jesus Christus. Wie sou ooit kon dink dat daar soveel genade gevind kon word in die stad van die verwaande en goddelose keisers!

---

[6] Spermatos beteken letterlik saad soos van plante en bome.
[7] Metonomie is om die begrip regstreeks te noem nie, maar aan te dui deur iets wat daarop betrekking het.

’n Gebed vol Dankbaarheid.

Lees Romeine 1: 8 – 15 *8 In die eerste plek dank ek my God deur Jesus Christus oor julle almal dat julle geloof verkondig word in die hele wêreld. 9 Want God wat ek in my gees dien in die evangelie van sy Seun, is my getuie hoe ek onophoudelik aan julle dink 10 en altyd in my gebede smeek of ek tog nou eindelik 'n goeie geleentheid sal vind deur die wil van God om na julle te kom; 11 want ek verlang om julle te sien, om julle een of ander geestelike genadegawe mee te deel, sodat julle versterk kan word; 12 dit is, dat ek saam bemoedig kan word onder julle deur die gemeenskaplike geloof, van julle sowel as van my. 13 Maar, broeders, ek wil julle nie daarvan onkundig laat dat ek my dikwels voorgeneem het om na julle te kom nie -- en ek is tot nog toe verhinder -- sodat ek ook onder julle een of ander vrug kan insamel net soos onder die ander heidene. 14 Teenoor Grieke sowel as nie-Grieke, teenoor wyse sowel as onverstandige mense is ek 'n skuldenaar. 15 Vandaar die verlange van my kant om ook aan julle wat in Rome is, die evangelie te verkondig.*

In die eerste plek dank ek my God deur Jesus Christus oor julle almal … Mooier woorde as hierdie kan ’n mens beswaarlik aan iemand meedeel. Dit spreek van ’n innigheid wat slegs deur die liefde van God in ’n mens se hart kan leef. Daar is mense wat beweer dat Paulus die mense in Rome so ’n bietjie heuning om die mond gesmeer het sodat hulle meer ontvanklik sou wees vir Paulus as persoon en vir die inhoud van sy brief. Paulus is hier egter nie besig om diplomatieke speletjies met die Here of sy kerk te speel nie ; hy bedoel elke woord wat hy skryf, omdat hy die genade van God ook in hulle sien. Enige mens wat uit die donker diepte van sonde-ellende gered is, kan nie anders as om God te dank wanneer hy hierdie pragtige wonderwerk ook in ander mense se lewens sien gebeur nie.

Paulus se dankbaarheid word ontlok deur hulle geloof. Hierdie klein groepie Christene slaag nie net daarin om in die groot en goddelose wêreldstad te oorleef nie, maar hulle groei ook in die geloof. Die vyandige wêreld om hulle maak hulle net sterker! Daar is baie mense wat allerlei gawes begeer, terwyl hulle die grootste en kragtigste gawe van almal besit naamlik die gawe van geloofskrag. Daar is geen groter gawe as om te kan glo in Jesus Christus nie.

Die volgende wat Paulus se hart met dankbaarheid vul, is die feit dat die Christene in Rome se geloof so sterk en sigbaar is. Hy sê: *… dat julle geloof verkondig word in die hele wêreld.* Paulus bedoel waarskynlik die hele bekende wêreld wat sou ooreenstem met die Romeinse Ryk. Dink net daaraan: oor dieselfde paaie en seestrate wat die Romeine gemaak het om hulle gulsige en wrede magsug te bevredig, oor dieselfde weë wat bebloede slawe aan kettings meegesleep is om dwangarbeid te verrig, oor dieselfde weë word die bevrydende Evangelie van Jesus Christus verkondig en dit as gevolg van die geloof van ’n klein groepie mense. Daar is inderdaad geen groter krag as die krag van geloof nie.

Dit is hierdie geloof wat Paulus se dankbaarheid ontlok, omdat dit nie net Jesus verkondig nie, maar Hom ook verheerlik. Min het Paulus geweet dat hierdie geloof van die gemeente later oor eeue heen tot aan die uithoeke van die ganse wêreld verkondig sou word. Die Brief aan die Romeine is vandag een van die belangrikste dokumente van die Christendom, ’n brief gebore uit die bewondering en dankbaarheid vir die geloof van ’n klein kerkie.

’n Gebed gevul met innige verlange.

Daar kan geen twyfel wees dat Paulus baie graag hierdie gemeente wou besoek nie. Hy sal nie ligtelik die Here as sy getuie roep as dit nie ’n diepe begeerte by hom was nie. Hy gee ook ’n aantal redes waarom hy hulle graag wil besoek. Daar was eerstens die aantrekkingskrag van hulle geloof. Toe Paulus van hulle geloof gehoor het, het daar by hom ’n begeerte ontstaan om saam met hierdie besondere gemeente te aanbid, iets wat hom op daardie stadium nog nie te beurt geval het nie .

Verder wou hy aan hulle een of ander geestelike gawe meedeel. Hy sê nie wat hy met gawe bedoel nie en dit is baie natuurlik dat mense dadelik begin dink aan gawes soos genesing, handoplegging of iets wat gewone Christene dalk nie het nie. Dit is meer waarskynlik dat hy die innerlike versterking en verdieping van hulle geloof in gedagte het en daarom voeg hy dadelik by dat hierdie gawe nie net vir hulle nie, maar ook vir hom sal bemoedig en versterk. Daar is inderdaad geen groter gawe as die gawe van geloofskrag nie en oral waar gelowiges saamkom om die Here te aanbid, word hierdie gawe vermeerder. Dit gee 'n nuwe betekenis aan die uitdrukking: die arbeider is sy loon werd (Lukas 10:17, 1 Tim. 5:18). Dit beteken dat die prediker van die goeie tyding net soveel seën daaruit ontvang as die hoorder.

'n Brandende Begeerte.

Daar bestaan by Paulus 'n brandende begeerte om *... onder julle ook een of ander vrug* te *kan insamel net soos onder die ander heidene (vers13).* Dit is wat Paulus se lewe dryf. Hy wil mense na Jesus bring. Dit maak nie saak wie die mense is, waar hulle woon of watter taal hulle praat nie, die liefde van Christus dring hom om ook aan hulle te vertel dat Jesus hulle skuld betaal het en hulle vrygekoop het van sonde-slawerny. Dit is moontlik dat Paulus ook nog 'n skuldgevoel ervaar het oor alles wat hy in sy vroeëre lewe aan die Christene gedoen het, maar nou wil hy siele (vrug)vir Jesus insamel. Dit is deel van sy begeerte om na Rome te gaan, om siele te wen en die gemeente uit te brei.